DEEL 117 | WEEK 31 | 1 AUGUSTUS 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Dis ’n vibe! Boeretreat 2025

## *Laat die Vrystaat jol*




*Op die foto vl: Jolandri Mienie (Boeretreat-lid) en Mnr Johnny van der Merwe (Skoolhoof).*

Dis weer daai tyd van die jaar wat op talle inwoners se kalenders aangeteken is! As jy nog nie die naweek se geleenthede aangeteken het nie, is jy op pad om die grootste gemeenskapsfees in Heilbron mis te loop.

Die gewilde Boeretreat 2025 is om die draai en vind plaas by Hoërskool Heilbron. Dit beloof om nóg groter, nóg beter en nóg voller pret te wees as tevore.

Die fees skop vandag om 11:00 af met ’n vetveeveiling ten bate van die Boeretreat by die nuwe veilingsperseel sowat 1 km buite Heilbron op die Vegkop-pad. Alle tipe vee is welkom en daar is pryse op die spel vir die duurste os, bul, koei en “super” dier. Die veiling beloof nie net puik diere nie, maar ook die geleentheid om die plaasgemeenskap saam te trek vir ’n goeie saak. Terwyl die veiling aan die gang is, warm die gholfers reeds op.

Die hoofprogram begin dan op Saterdag 2 Augustus om 07:00 wanneer komiteelede in samewerking met Hoërskool Heilbron se personeel aanmeld en die hekke om 08:00 oopgaan. Sportsoorte soos hokkie en netbal sorg vir opwarming, terwyl gholfspelers vanaf 09:00 registreer.

Om 09:30 vind die amptelike opening van die Gholf plaas, gevolg deur ’n shotgun-afslaan, kinderprogram en mark om 10:00.

Hoogtepunte van die dag sluit in:

• Sterkman kompetisie en Fear Factor-uitdagings

• Kaskarresies, toutrek, rofstoei en veiling

• Pretpark, teetuin, kosstalletjies en boeremark

• Optredes deur gewilde kunstenaars soos Gerhard Steyn, Juanita du Plessis, Samantha Leonard en die groep Rooksein, met die dag se mc Alwyn Oberholster.

Die gemeenskap kan hul keel nat maak aangesien die kroeg eers 23:30 sluit!

Verskeie kosstalletjies sal smullekker items aanbied soos:

Pizza & chips, spring rolls, pannekoek, mini donuts, koffie, bubble tea en vele meer. Vir die fynproewers en geskenkejagters is die boeremark propvol unieke items: Heuning en likeur, leer items, juwele, baba items, houtborde, speelgoed en meer.

Al die fondse wat tydens Boeretreat 2025 ingesamel word, gaan aan verskeie liefdadigheidsorganisasies in die gemeenskap. Hierdie fees gaan dus nie net oor lekker kuier en opwinding nie, maar maak ook ’n wesenlike verskil in die lewens van ander.

So kom maak ’n draai, want hoe sê tannie Juanita?

“Dis ’n vibe, vibe, vibe!”

*Vir meer inligting besoek: www.boeretreat.co.za.*









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

Die 30ste Julie staan bekend vir Wêreld dag teen mensehandel en in die week se insetsel gaan daar meer lig op die onderwerp gelig word sowel as wenke hoe om met jou kind oor mensehandel te gesels:

Kinderhandel behels die rekruttering, vervoer of oordrag van kinders vir uitbuiting—seksueel, vir gedwonge arbeid, bedel, of deelname aan misdaad. Suid-Afrika dien as bron, bestemmingsland én transitopunt, en word veral deur sy sosio ekonomiese kwesbaarhede geteiken

Byvoorbeeld, in die finansiële jaar eindig Maart 2024 is meer as 17 000 ontvoerings aangemeld, waaronder kinders, en die lewensgevaarlike Joshlin Smithsaak het nasionale aandag gekry—haar eie moeder is skuldig bevind aan mense en kinderverkoop en tot lewenslange tronkstraf gevonnis

**Hoofsaaklike risiko's en kwelsituasies**

• Armoede en werkloosheid dryf families tot desperaatheid, wat hulle vatbaar maak vir losprys, beloofde werk of onderwys

• In sommige gevalle is ouers self betrokke by die uitbuiting van hulle kinders vir geldelike gewin

• Aanlyn-rekruteerders lok tieners via sosiale media met losprysaanbiedings en vinnige vertroue-bou tot geheimhouding en manipulasie.

**Praktiese wenke vir ouers:**

Hoe om met jou kind oor kinderhandel te praat.

Hier volg strategieë om hierdie sensitiewe maar noodsaaklike gesprekke op 'n veilige, opvoedkundige manier te voer:

1. Voer 'n geleentheidsgedrewe gesprek.

Begin gesprekke as hulle natuurlik ontstaan—'n nuusgebeurtenis of iets wat 'n kind gehoor het. Vra vrae eerder as om dit af te kondig. Dit voel minder angstig:


"Jy het dalk al iets gehoor van mense wat kinders uitbuit—wat dink jy bedoel dit?"

2. Hou taal eenvoudig en ouderdomsgereeld

• Vir jong kinders (5–9 jaar): Fokus op konsepte soos "strangers", "veiligheid", en om te sê wat ongemaklik voel. Vermy grafiese besonderhede

• Vir tieners en ouer kinders: Gebruik realistiese scenario's—bv. iemand wat aanbied om werk of verhoudings op te bou en dan manipuleer of geheimhouding eis

3. Oor ondersteboteken van verhoudings en rooi vlae



**Leer kinders om rooi vlagte te herken:**

• Ander wat ongewoon vinnig vertroue bou.

• Enige iemand wat vra om privaat oor iets te hou.

• Aanbiedings wat "te goed om waar te wees" lyk.

• Ongevraagde geskenke of ritte vanaf onbekendes

4. Stimuleer intuïsievertroue en grense

Leer kinders om hul buikgevoel te vertrou—en as iets nie reg lyk nie, moet hulle sê "nee" en daaroor praat. Dit sluit in dat dit nie hul skuld is nie en jy is altyd daar vir hulle, selfs al het hulle 'n reël oortree

5. Skep 'n "veiligheidsplan"

• Identifiseer betroubare volwassenes—ouers, familie, onderwysers, kinders se ondersteuners.

• Gebruik 'n kodewoord of vinnige teken as hulp nodig is.

• Onderwys oor aanlynveiligheid: nie persoonlike inligting deel nie, profiel-privaatstelling, en nooit ontmoet iemand aanlyn sonder toestemming nie

6. Hou die gesprek oop oor tyd

Herhaal dit stelselmatig en pas aan by groeiende ouderdom. Vra af en toe: "Het jy al iets gesien of gehoor wat jou ongemaklik laat voel?"

7. Bou 'n veilige omgewing en betrokkenheid




Neem deel aan jou kind se aktiwiteite, ken hul vriende en hulle gesinne, skep vertroue sodat hulle weet hulle kan alles bespreek sonder oordeel.

**Hoekom hierdie gesprekke tel**

Deur kinders te leer om rooi vlae te herken, hul instinkte te vertrou, en te weet dat hulle altyd hulp kan kry, bewapen jy hulle teen 'n slinkse bedreiging wat dikwels onopgemerk bly. Onderwys en beskerming is sleutels tot voorkoming—dit gee kinders die vaardighede en selfvertroue om hulleself te beskerm en ander te help.

Kom ondersteun ons stalletjie tydens die Boeretreat en kom koop jou R50.00 kaartjie ten bate van Engo se subprogramme. Kom verseker jou inskrywing om 'n splinternuwe Renault Kwid Climber ter waarde van R220 000.00 te wen.

## UIT DIE PEN: Week 31

As laerskoolkind het ek vir die grap "Die Sterre Voorspel" gelees. As ek in daardie jare geweet het waarvoor ek my inlaat, sou ek dit nooit gedoen het nie. Kleintyd is mos maar 'n dom tyd. Maar daar is mense wat in die stand van die sterre glo.

Later jare het ek gelees van joernaliste van 'n sekere publikasie wat verantwoordelik was vir hierdie kolom. Hulle het sommer lukrake stellings gemaak, vaagweg geskryf wat iedergeval gaan gebeur ("Jy gaan hierdie week 'n vreemdeling ontmoet") en die gevolge van sekere dade ("Wees versigtig om geheime met enige iemand te deel".)

Jy ontmoet iedergeval ten minste een vreemdeling per week, al kom jy dit nie agter nie. Dit is ook goeie raad om nie jou geheime met enige iemand te deel nie.

Mense het sulke raad verslind.

Net gister lees ek iemand se status op WhatsApp: "Taurus word deur Venus beheer. Gedurende hierdie oorgang kan jy oor dinge praat wat jy nie altyd oor wou praat nie omdat jy die vrede wou behou. Gedurende hierdie oorgang moet jy oor jou lojaliteit oor sekere verhoudings en verbintenisse dink. Jy sal voel dat dit nodig sal wees dat jy jou emosioneel veilig moet hou. Jy sal agterkom dat jou stilte ook 'n manier van beheer kan wees."

Ek is stomgeslaan toe ek dit lees. Ek weet nie waar is Taurus nie, ek weet darem waar om vir Venus in die hemelruim op te spoor. Maar hoekom wil mens in die gaan lees hoe om die "gewone" dinge te doen, wonder ek?

Astronomie is 'n interessante (sterre) veld waarvan ek bitter min weet, maar wanneer astrologie in die gesprek ingesleep word, raak ek dom. Astrologie is om die toekoms te voorspel deur na die sterre te kyk. Die enigste keer toe die sterre reg was, was toe die Wyse Manne destyds na Bethlehem gelok is net na die geboorte van Jesus.

Maar ek kan verkeerd wees.

Ek wonder of daar nog mense is wat teeblare lees? My ma het 'n tannie geken, ek dink sy was Tannie Miena, wat teeblare gelees het. Ek kan onthou dat ek eendag, lank, lank gelede, saam met my ma by haar aan huis was.

Ek kan onthou dat die huis koud was. Wit en blou en koud. Ek mag nie gepraat het nie want kinders moet gesien word en nie gehoor word nie.

Tannie Miena het vir my ma blaretee gemaak en aspris 'n paar stukkies blare in haar wit koppie laat val. My ma en tannie Miena het saam teegedrink en oor koeitjies en kalfies gesels. My ma moes die laaste slukkie tee in haar koppie los.

Tannie Miena het die koppie om en om gedraai (klink amper soos 'n heksepot wat gekook word terwyl die ene met die punthoed *bubble*, *bubble, toil and trouble prewel)*. Sy het die koppie in 'n piering omgedop en weer in die koppie gekyk.

Sy het allerhande dinge kwytgeraak terwyl ek crème soda gedrink het. Sonder teeblare.

As ek daardie jare geweet het dat hierdie glad nie by Christenwees inpas nie, sou ek nie eers saamgegaan het nie. Jy mag maar van my verskil. Hierdie is my eie opinie.

Die ander dag vertel die vrou wat elke twee weke ons huis kom skoonmaak van mense wat sangomas gaan sien.

Betaal R500 en bring ses kilogram benevleis saam, sê die instruksie. Ek kan my die prentjie indink: albei sit langbeen op die grond met 'n rietmatjie tussen hulle. Die sangoma gooi dan allerhande goeters op die rietmatjie en begin met haar voorspelling.

Ek weet nie of dit regtig so werk nie, ek dink maar so.

Dan kom die groot nuus: jy gaan werk kry! Wees op die uitkyk vir dit en dat, want daar is werk en geld. As jy nog R300 gee, kan jy die adres kry.

Die skoonmaakvrou vertel dat die sangoma se kinders self soek na werk. Hoekom help sy nie eerder haar kinders nie, dan kan die hele familie ondersteun word?

Wat noem mens daardie mense wat met 'n karavaan van een dorp na die volgende reis? Diegene wat 'n kraletjiesgordyn en 'n kristalbal het. Ons het dit altyd *gypseys* genoem, maar ek weet nie of daardie term nog gebruik word nie. Die vrou het gewoonlik lang rokke en baie krale gedra. Ook met lelike ringe aan elke vinger en dik, goue hoepeloorbelle.

Ek weet nie presies hoe die lees van hierdie kristalbal werk nie, maar hulle het daarop aanspraak gemaak dat hulle die toekoms kon voorspel. En met die dooies praat. Hier is hoe ek myself voorstel hulle dit doen:

"Daar is iemand in jou lewe…" sê die tannie met die lang rok. Jy knik. Sy neem aan jy bevestig waarvan sy praat.

"…wat jou seergemaak het…" Ja,



daai is ook waar. Jy knik.

"…en die persoon is dood…" Jy skrik so effens en knik nie meer nie.

"…vir jou en jou vriendskap…" Ja, dit is waar, en jy knik weer.

En so lei jy die vrou met die lang rok om vir jou dinge te vertel wat jy iedergeval weet, en jy het haar sommer self soontoe gelei. Jy weet dit net nie, want jy was desperaat vir 'n toekomsvoorspelling.

Ag, ek lag lekker oor hierdie dinge. Ek wens net diegene wat met soveel ywer die toekoms voorspel kan ook sommer die nommers van die lottokaartjies ingooi. Ek is bereid om meer as ses kilogram se benevleis daarvoor te betaal.

En terwyl ons nou besig is: kan die toekomsvoorspellers ook sommer vir my 'n les gee oor hoe om lottokaartjies te koop?

Intussen, gebruik maar jou gesonde verstand. Dis nie nodig om in die sterre of in 'n kristalbal of op 'n rietmatjie te kyk om besluite te maak nie.

As jy in God glo, gaan vra daar. Hy gee altyd die beste raad.

# SING-A-LONG met 'n heerlike geraas

Huppel Trippel se lede het soos propperse 'kunstenaars' gesing en met tuisgemaakte "musiek-instrumente" hulleself begelei. Die twee werklike musikante, Martie Olivier en Wilma Pienaar moes maar verlief neem daarmee. Van Jan van Till en Byeboerwa tot Boegoeberg se dam en Ag Pleeze Deddy was op die 'singlys'. Nonna het gesorg vir 'n klein glasie Jerepiko en Wilmien Naudé het vir die Huppel Trippelaars die heerlikste kleinkoekies geskenk. Almal kon huistoe gaan met die spreekwoordelike lied in die hart. Oor twee weke is dit tyd vir speletjies en 'sports'- nog 'n geleentheid vir ontspan en sommer net lekker saamkuier. As jou hart soos die Huppel Trippelaars s'n klop, is jy uitgenooi.





*As die musiek so lekker is, staan mens op oor jou voete nie kan stilsit nie. Dan wikkel die lywe ritmies saam.*
*Foto regs: Wilmien se heerlike koekies.*



*Die werklike musikante, Martie Olivier en Wilna Pienaar.*

## Formal Inquiry into the Status and Compliance of Landfill Sites in Ngwathe Municipality

***Dear Municipal Manager,***

The Democratic Alliance in Ngwathe Local Municipality is raising serious concerns regarding the condition, compliance, and operational management of landfill sites within our jurisdiction.

As per applicable environmental regulations and public health standards, landfill sites must be operated in a manner that does not endanger the health of surrounding communities or damage the environment. It is illegal to dispose of waste in areas not designated or licensed for such activity. Based on numerous community complaints and observed site conditions, we are compelled to seek clarity and accountability on the following matters:

Have appropriate signage in all official languages been erected in the vicinity of each landfill site?

Is there signage at the entrance of each site that clearly states the types of waste accepted and the operating hours?

Are the access roads to each landfill, as well as internal roads, being properly maintained?

How many landfill sites are currently operating with or without permits? Please include the permit/license numbers and issue dates for each.

How many informal recyclers are currently operating at each site?

What is the designed capacity (in volume or tonnage) of each site?

How much of this intended capacity has already been used?

What is the estimated remaining lifespan (in years) before each site reaches full capacity?

What is the current offset rate of each site in tons per day?

When was the last time each site was professionally surveyed to determine remaining capacity and compliance with regulations?

We request that your office respond to these questions in writing and with supporting documentation where applicable. This is a matter of public interest, environmental safety, and legal compliance. We trust you will treat this with the urgency and seriousness it deserves.

We look forward to your prompt response.

Kind regards,
Cllr Small Sehume
DA Whip
Ngwathe Local
Municipality
Tel: 074 751 2692

UITNODIGING VIR TENDERS OM TE KOOP

Droëland- & Weidingsplaas

DIE PLAAS BERGENDAL 711, Distrik REITZ, Provinsie VRYSTAAT
RESTANT VAN DIE PLAAS WAAGSTUK 455, Distrik REITZ, Provinsie VRYSTAAT
GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS WAAGSTUK 455, Distrik REITZ, Provinsie VRYSTAAT

Geleë in die area tussen Petrus Steyn en Tweeling
Koördinate: 27°37'9.46"S; 28°18'52.88"E

SLUITINGSDATUM: 7 AUGUSTUS 2025 OM 15:00
TENDERDOKUMENTASIE KAN AANGEVRA WORD BY:

058 863 2884
bligwes07@gmail.com

VERDERE NAVRAE KAN GERIG WORD AAN:
THINUS BLIGNAUT – 083 627 0141

BLIGNAUT & WESSELS

bligwes07@gmail.com

BESIGHEIDS-URE

Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae:
09:00 -12:00

Elsstraat 42,
Heilbron
Tel: 058 853 0006

POSTNET HEILBRON

## Plaaslike leerders blink uit in wiskunde en fisiese wetenskap

Suryn Claasen, 'n bekende aanbieder van ekstraklasse in Wiskunde en Fisiese Wetenskap in Heilbron en Frankfort, het rede om trots te wees. Vyf van haar leerders het onlangs uitsonderlike akademiese prestasies behaal – prestasies wat nie net hul eie harde werk beklemtoon nie, maar ook die hoë gehalte van onderrig wat hulle deur Suryn ontvang.

Franco Roos, 'n Graad 11-leerder aan Hoërskool Heilbron, het 'n merkwaardige 87% vir Wiskunde aangeteken. Sy skoolmaat, Johannri Pretorius (Graad 12), het dieselfde persentasie vir Fisiese Wetenskap behaal – 'n bewys van konsekwente toewyding en deeglike voorbereiding.

Ook jonger leerders toon indrukwekkende vordering. Cornel Koekemoer, 'n Graad 8-leerder van Hoërskool Wilgerivier, het die volle 100% vir Wiskunde aangeteken – 'n uitsonderlike prestasie wat wys dat sterk fondamente reeds vroeg gelê word.

Maar vir Suryn gaan dit nie net oor topuitslae nie. Sy is net so opgewonde oor die merkbare verbetering van leerders wat vroeër gesukkel het. Chanté Saayman, ook van Hoërskool Heilbron, het haar Wiskundepunt met 27% verhoog, terwyl Carla Wessels van Frankfort 'n verbetering van 23% getoon het.


"Hierdie prestasies inspireer nie net die toppresteerders om nog beter te doen nie, maar gee ook hoop aan leerders wat steeds op pad is om hul volle potensiaal te bereik," sê Suryn.

Haar ekstraklasse is beskikbaar vir Graad 7 tot 12 in Wiskunde, en vir Graad 10 tot 12 in Fisiese Wetenskap.


Vir navrae of besprekings, kan belangstellendes vir Suryn Claasen kontak by 083 234 9882.



*Chanté Saayman*



*Carla Wessels*



*Cornel Koekemoer*



*Johanri Pretorius*



*Franco Roos*

WINKELURE
**Maandae tot Donderdae:**
07:30 - 17:00
**Vrydae:**
07:30 - 16:30
**Saterdae:**
08:30 - 13:00
Herald Office National
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Vakante Betrekking Heilbron

CH Tombstones & Granite Works

Ons dinamiese en groeiende maatskappy is op soek na 'n ... energieke **Verkoopspersoon en Kantoorkoördineerder** om administratiewe en logistieke ondersteuning te bied aan ons span. Hierdie is 'n uitstekende geleentheid vir iemand wat uitblink in "multitasking" en kliëntediens.

**Pligte en verantwoordelikhede:**
- Koördinering van daaglikse verkope/kliënte en kantoorbedrywighede.
- Hantering van inkomende oproepe en kliënte.
- Verslagdoening en basiese boekhouding.
- Ondersteuning aan verskeie afdelings binne die maatskappy.
- Voltydse/voldag pos.

**Vereistes:**
- Matrieksertifikaat (Nationale Senior Sertifikaat).
- Administratiewe- en verkoopsondervinding van minstens 3 jaar.
- Goeie rekenaarvaardighede (SAGE en Excel).
- Vlot in Afrikaans en Engels (skryf, lees en praat).
- Uitstekende kommunikasie- en organisasievaardighede.
- Probleemoplossingsvermoë en selfgemotiveerd.
- Netjies, vriendelik en stiptelik.

**Wat ons bied:**
- Mededingende salaris (sal bespreek word tydens onderhoud).
- Positiewe en ondersteunende werksomgewing.
- Geleenthede vir groei en ontwikkeling.

E-pos asseblief volledige CV na admin@chtombstones.co.za
Vir enige navrae kontak: 082 318 8200 - Aansoeke sluit 6 Augustus 2025

# Hoërskool Heilbron se leerders presteer




























# Hoërskool Heilbron-leerders wys hul staal op Rhino Week



*NJ Mock*


*Jaden Rochat*


*John Leonard*

Drie talentvolle rugbyspelers van Hoërskool Heilbron het onlangs hulle skool en dorp trots gemaak deur deel te neem aan die jaarlikse Rhino Week, wat vanjaar sy 10de bestaansjaar met groot geesdrif en sportmanskap gevier het.

NJ Mocke, Jayden Rochat en John Leonard is gekies om deel te vorm van die Raptors-rugbyspan – 'n span wat saamgestel is uit spelers van verskeie skole insluitend Heilbron, Parys, Eligwa (Vanderbijlpark), Vaalpark Primêr en Noordskool Sasol. Die drie seuns het eers aan proewe deelgeneem en is toe, uit talle ander talentvolle kinders, gekies vir die span. Altesaam 21 seuns is op die ou end vir die span opgeneem, en die drie Heilbron-leerders het uitgestaan met hul toewyding, selfs deur hul eksamentydperk.

Die span het op 11 Julie 2025 'n opwarmingswedstryd teen Namibië se NAPSO-span gespeel, waartydens hulle waardevolle ondervinding opgedoen het, al het hulle verloor.

Rhino Week het op 16 Julie afgeskop met 24 spanne in die O/12- en O/13-kategorieë. Die spanne is in Pool A en B verdeel, en die Raptors het in Pool B meegeding.

**Hulle uitslae was as volg:**

- 16 Julie (11:30): Wen 33–10 teen Southern Barbarians (Kempton en Benoni)
- 16 Julie (later): Gelykop 7–7 teen Tigers (Vanderbijlpark-skole)
- 17 Julie (06:30): Wen 12–5 teen Barbarians (Brakpan en Kempton Park)
- 18 Julie (oggend): Verloor 22–5 teen Honey Badgers (Boksburg en Kempton Park)
- 18 Julie (middag): Verloor 60–0 teen Metro Merlins (Natal-span met Sharks Craven Week-spelers)

Hoewel die Raptors nie deurgedring het na die semi-finale nie, het hulle vasberadenheid getoon in hul laaste wedstryd teen die Ratels – 'n gekombineerde span van Voorwaarts, Republiek Meyerton en Heidelberg. In 'n harde stryd het die Raptors die oorwinning behaal met 14–7 en eindig daarmee vyfde in hul groep.

"Ons is ongelooflik trots op die span," het een van die afrigters gesê. "Die seuns het harte van leeus gewys teen sommige van die sterkste spanne in die land. Hulle het elke wedstryd met trots gespeel."

Met spelers soos NJ, Jayden en John aan die voorpunt, blyk dit dat die toekoms van rugby in Heilbron helder skyn. Rhino Week was nie net 'n sportgeleentheid nie, maar 'n viering van deursettingsvermoë, spanwerk en gemeenskapsgees.



# KENNISGEWINGS

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

**In the Estate of the Late:**
Surname: **VAN TONDER**
First names: **ALIDA MARIA**
Estate number: **010128/2021**
Identity/passport number: **360216 0009 080**
Date of death: **19/09/2021**
Last address: SEWENDE LAAN 41, HUIS BRON-VAN-HEIL, HEILBRON, 9650
The FIRST AND FINAL Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 1 August 2025 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, HEILBRON.
**NAME AND ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE,**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**P.O BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REFERENCE: AA SCHUTTE/lm**
**DATE SUBMITTED: 2025/07/21**

---

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Transportakte T13710/2009 gepasseer deur
1. DIE EKSEKUTEUR IN DIE BOEDEL WYLE ABRAHAM JACOBUS MOUTON NR. 9439/2006 en
2. CATHARINA BEATRIX MOUTON Identiteitsnommer: 481017 0014 086 Ongetroud, in haar persoonlike hoedanigheid as langslewende gade van die oorledene met wie sy binne gemeenskap van goed getroud was ten gunste van ABRAHAM JACOBUS MOUTON, Identiteitsnommer: 760427 5051 086, Getroud buite gemeenskap van goed, ten aansien van RESTANT VAN DIE PLAAS SOMERSET NO. 199, DISTRIK HEILBRON, PROVINSIE VRYSTAAT, GROOT: 545,9278 (VYF HONDERD VYF EN VEERTIG KOMMA NEGE TWEE SEWE AGT) HEKTAAR.
Wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binnetwee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 24ste dag van Julie 2025.
**AANSOEKER:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**KERKSTRAAT 40, HEILBRON, 9650**
**E-POS: aktesa@corven.co.za**
**KONTAKNOMMER: 058 852 2035**

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte T13322/1981** gepasseer deur JACOBUS JOHANNES DE NECKER (gebore op 5 April 1904) ten gunste van SOLOMON JOHANNES TERREBLANCHE (gebore op 15 Junie 1962) ten aansien van ERF 448, EDENVILLE, DISTRIK KROONSTAD, PROVINSIE VRYSTAAT, GROOT: 2974 (TWEE DUISEND NEGE HONDERD VIER EN SEWENTIG) VIERKANTE METER.
Wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te BLOEMFONTEIN binnetwee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 14de dag van Julie 2025.
**AANSOEKER:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**KERKSTRAAT 40, HEILBRON, 9650**
**E-POS: aktesa@corven.co.za**
**KONTAKNOMMER: 058 852 2035**



Groot verskeidenheid notaboeke beskikbaar.
Herald
Elsstraat 44 | Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za
Office National

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodigdhede
Herald
Elsstraat 44 | Heilbron • Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za
Office National




OP SOEK NA 'N GOEIE EN BETROUBARE VOETUIG

Skakel of WhatsApp
**Jeffrey**
by 076 159 7413

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE**
**per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus die Heilbron Herald by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za


# SMALLS DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com




**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**



Herald
ELSSTRAAT 44 | HEILBRON
TEL: 058 852 3033
Office National

Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open.
Die winkel sluit die 18de Desember 2025 en open die 5de Januarie 2026.
Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.
Herald
Office National
Elsstraat 44 • Heilbron - Tel: 058 852 3033



YOU THINK IT - WE PRINT IT
YOUR ONE STOP BRANDING SPECIALIST


marketing@heilbron.co.za | 083 495 5512 Heilbron Herald

DELIVERY & COLLECTION
between Heilbron and Vaal Triangle
Monday, Wednesday and Friday
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078
R100 per parcel


Between Meyerton and Heilbron @ R150 per parcel

# HERALD Sport




# Heilbron-rolbalspelers blink uit by Quadrangular 2025

Sonja Muller en Tracy Jacobs van die Heilbron Rolbalklub het die afgelope naweek met uitmuntende spel by die Quadrangular 2025 – Dames Pare kompetisie in Klerksdorp beïndruk. Die duo het Noord-Vrystaat tydens die toernooi verteenwoordig en hul staal gewys teen van die beste spanne uit Noordwes, Suid-Vrystaat en die Noord-Kaap.

Muller en Jacobs het 'n skitterende vertoning gelewer en met 'n onoorwonne rekord weggestap. Hulle is bekroon met die gesogte "Champion of Champions"-toekennings – 'n bewys van hul toewyding, ervaring en sportmangees. Hiermee het hulle ook die naam van Heilbron Rolbalklub weer hoog gehou op 'n nasionale verhoog.


Die fokus verskuif nou na die Noord-Vrystaat Masters-kompetisie wat dié komende naweek in Welkom plaasvind. Heilbron Rolbalklub wens al hul spelers wat aan die toernooi gaan deelneem, alle sterkte toe en glo dat hulle ons weer trots op die dorp sal maak.


*Op die foto vl: Anton Grobler, Tracy Jacobs, Sonja Muller en Alida Rossouw.*

RIEMLAND JAGTERSVERENIGING
2025 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 16 AUGUSTUS, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 13 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 4 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 7 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 19 22



Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald.
Kontak gerus die Heilbron Herald by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za




# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag 26 Julie 2025 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Hanover gevlieg. Dit was die Jaaroud Kampioenskap vlug en die duiwe is om 07:30 gelos en die wen duif is om 13:17 geklok op Reitz. Die afstand wat die wen duif gevlieg het was 540 kilometers. 6 Lede en 196 duiwe het deelgeneem.

1. Morgenzon Lofts B
2. Morgenzon Lofts B
3. Morgenzon Lofts B
4. Morgenzon Lofts A
5. Morgenzon Lofts B
6. Spartan Pigeons 3
7. Spartan Pigeons 3
8. Morgenzon Lofts B
9. Spartan Pigeons 2
10. Morgenzon Lofts A

Volgende Saterdag vlieg die duiwe weer vanaf Richmond.


*Op die foto is Nollie Swart van Morgenzon Lofts B met die wenduif 3030.*




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 4 AUGUSTUS 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
SPESIALE VEILING - EIENDOM
MEMEL/VERKYKERSKOP
GROOTHOEK BOERDERY
11:00, Vrede Golf Klub
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

DINSDAG - 5 AUGUSTUS 2025
DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
ERMELO SPESIALE IMPLEMENTE VEILING
11:00, Vlakfontein, Ermelo
Kontak Hannes Hugo 082 823 7631
OPEN RANGE BEEF MASTERS
PRODUKSIE VEILING
11:00, Plaas Puntstaan, 10km op Delmas pad (546) vanaf Devon
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

WOENSDAG - 6 AUGUSTUS 2025
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353
BLOUBERG & SANLEO SIMBRAS
PRODUKSIE VEILING
11:00, Warden Veilingskrale
Kontak Bennie vd Merwe 082 414 4228
NASIONALE SAVM PRODUKSIE VEILING
11:00, Bloemskou
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

DONDERDAG - 7 AUGUSTUS 2025
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
KAALLAAGTE VETVEE Jaarlikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

VRYDAG - 8 AUGUSTUS 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
KANDYS BEEFMASTERS
PRODUKSIEVEILING
11:00, Theunissen
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za